**Sondag 25 November**

| **Skrifgedeelte: Sagaria 12:9-14** | **Fokusgedeelte: Sagaria 12:10** |
|---|---|

# Ek bring 'n gees van welwillendheid en van berou

Jesus se kragtige beeld van selfgeregtigheid, soos uitgedruk in die splinter-en-balk-beeld tydens sy Bergrede, bly maar altyd aktueel. Die mens se neiging is om ander se sonde en foute maklik raak te sien en sy eie te ontken.

Dit word amper 'n gewoonte wanneer 'n samelewing daagliks gebombardeer word met die negatiewe. Dan gesels ons lekker saam oor hoe korrup *hulle* is; hoe *hulle* alles verniel en tot niet laat gaan; hoe arrogant *hulle* is. So word die lig van God se geregtigheid, die lig van sy Woord, wat deurdring tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, gerieflik van die donker in my eie hart weggedraai!

Wanneer God Juda verlos en beskerm, tree Hy inderdaad op teen hulle vyande en die nasies wat hulle bedreig. Maar sy liefde en versoening bring ook verandering waar dit die noodsaaklikste is, naamlik in hulle harte. Deur sy Gees bewerk Hy welwillendheid (ge-nade) en berou. Daar word getreur oor die sonde van die verlede. Harte vol ootmoed sal die Here soek en Hom om vergifnis smeek. Daar kom dus deur die Gees se kragtige wer-king innerlike vernuwing.

Kom ons wees eerlik oor ons eie geestelike toestand. Ook ons het hierdie ingryp van God deur sy Gees nodig. Ons heil lê nie in die vernuwing van die regering, die daarstel van effektiewe dienste of watter omstandighede ons so graag oor kerm nie. Ons heil is in Christus en sy versoening.

Bid daarvoor met 'n ootmoedige hart wat sy eie skuld nie verbloem nie. Dan sal ons kinders 'n toekoms hê!

*Sing: Psalm 139-1:1, 12*

*Ds. Dirk Pansegrouw (Hoëveld)*